HOËRSKOOL OOS-MOOT

POSBUS 31208
TOTIUSDAL
0134

HAARHOFFSTRAAT 1120
VILLIERIA
PRETORIA
0186

TEL: (012) 332-0601
FAKS: (012) 332 2457
e-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

Geagte Ouers/Voogde

Die volgende is belangrike sake waarvan ouers moet kennis neem:
Skoolgelde –
Op die Algemene Ouervergadering wat gehou is op 3 Desember 2018 is die volgende besluite eenparig geneem :

1. Begroting vir 2019 is goedgekeur.
2. Skoolgeld vir 2019 is bepaal
3. Oos Moot Bond Heffing van R150 per leerder is goedgekeur. Dit sal eenmalig in Januarie 2019 gehef word. Doelwit is om meer leerders betrokke te kry by verskeie aktiwiteite en die ontwikkeling van skool tot voordeel van leerders, ouers en gemeenskap.

Die skoolgelde per leerder (Gr 8-12) is R 16 000.00 per jaar en is betaalbaar soos volg:

Bedrag per jaar per leerder (ongeag aantal kinders in die skool)	Aanvangspaaiement per leerder	Per maand per gesin per leerder
R 16 000.00	R 2000.00	10 X R 1400.00 1 Feb.- 1 Nov.

- Ouers word daarop gewys dat skoolgeld ***maandeliks*** betaalbaar is. Daar kan **nie** aan ouers die vergunning verleen word om skoolgeld **eenmalig** aan die einde van die jaar te betaal nie. Die skool benodig uiteraard die maandelikse inkomste om die begroting te laat klop. Uitgawes soos water en elektrisiteit, hulpmiddels, handboeke en so meer is betaalbaar soos en wanneer gelewer. Indien die skool nie elke maand elke kind se skoolgeld ontvang nie, beteken dit dat die skool nie optimaal kan funksioneer nie. Sentrumfooie en ander fondse betaalbaar moet verkieslik by die klasonderwyser inbetaal word. Indien diè fooie direk in die bankrekening inbetaal word, moet daar afsonderlike betalings gedoen word vir elke vak en daar moet duidelik aangedui word waarvoor die betaling is. Kostes vir onbetaalde tjeks sal vir die ouer se rekening wees.
- Ouers moet ook daarop let dat skoolgelde betaalbaar is aan die begin van die skooljaar. Die feit dat ouers toegelaat word om skoolgeld in **tien maandelikse paaiemente** af te los, is dus slegs 'n **vergunning** om die finansiële las vir ouers te verlig. Alle rekeninge wat 30 dae agterstallig is, sal opgevolg word en indien die rekening oorhandig word vir invordering sal ouers verantwoordelik wees vir alle rente en koste hieraan verbonde, tensy daar 'n **skriftelike** ooreenkoms, onderteken deur beide partye, met die skool bestaan.

HOËRSKOOL OOS-MOOT

POSBUS 31208
TOTIUSDAL
0134

HAARHOFFSTRAAT 1120
VILLIERIA
PRETORIA
0186

TEL: (012) 332-0601
FAKS: (012) 332 2457
e-pos: oosmoot@oos-moot.co.za

- **Vrystellings** – aansoeke word streng volgens die voorskrifte vervat in die *REGULASIES I/S VRYSTELLING VAN OUERS VAN BETALING VAN SKOOLFOOIE 2005* hanteer. Die volgende kategorieë is van toepassing:
  - **Algehele vrystelling** – persoon kwalifiseer op grond van die formule of in die volgende omstandighede:
    - Persoon wat ouerlike verantwoordelikhede aanvaar vir 'n kind in pleegsorg, jeugsorgsentrum, plek van veiligheid of weeshuis.
    - Familielid wat 'n weeskind, kind wat deur ouers verwerp is of 'n kind met geen ondersteuning versorg.
    - Persoon wat 'n Staatstoelae ontvang vir 'n kind.
    - 'n Kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan.
  - **Gedeeltelike vrystelling** – persoon kwalifiseer op grond van die formule en die aantal skoolgaande kinders.
  - **Voorwaardelike vrystelling** – vrystelling deur die Beheerliggaam verleen aan persoon wat slegs vir gedeeltelike vrystelling kwalifiseer, maar wie se omstandighede van so 'n aard is dat selfs die gedeeltelike fooi nie betaal kan word nie. Die Beheerliggaam koppel voorwaardes aan hierdie vrystelling.
  - **Geen vrystelling** – persoon doen nie aansoek vir vrystelling nie of kwalifiseer nie op enige gronde vir vrystelling nie.
  - Ouers doen jaarliks aansoek en moet dokumentêre bewys lewer van hul omstandighede. **Aansoekvorms is by die skool beskikbaar en ouers moet aansoek doen voor 28 Februarie 2019**
  - Aansoeke sal binne 30 dae na ontvangs afgehandel word en ouers sal binne 7 dae na die besluit geneem is, skriftelik in kennis gestel word van die uitslag.

Indien daar enige onduidelikheid bestaan, word ouers versoek om met die skool te skakel.

Om die visie en missie van die skool te bereik, is dit noodsaaklik dat elke ouer sy finansiële verpligtinge nakom.

Daar word op u as ouers se samewerking gereken om die finansiële aspekte van die skool gesond te hou om te verseker dat elke leerder die volle voordeel van kwaliteit onderrig kan geniet. Kom ons as ouers besluit om 2019 dié jaar te maak waar elkeen betrokke raak by die skool en die personeel daadwerklik ondersteun in die groot taak wat hulle met soveel ywer en toewyding uitvoer.

PROF T STEYN
TESOURIER : BEHEERLIGGAAM

NB: Hou asseblief hierdie skrywe vir toekomstige verwysing.